basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**VERBRUIKERSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2011**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## ANTWOORDBLAD

### VRAAG 1.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | **C** | D | (1) | O 12.1.1 |
| 1.1.2 | A | B | **C** | D | (1) | O 12.1.2 |
| 1.1.3 | A | **B** | C | D | (1) | O 12.1.2 |
| 1.1.4 | A | B | C | **D** | (1) | O 12.1.1 |
| 1.1.5 | **A** | B | C | D | (1) | O 12.1.2 |
| 1.1.6 | A | **B** | C | D | (2) | O 12.1.2 |
| 1.1.7 | A | B | **C** | D | (3) | T 12.1.2 |
| 1.1.8 | A | B | C | **D** | (1) | O 12.2.1 |
| 1.1.9 | **A** | B | C | D | (1) | O 12.2.1 |
| 1.1.10 | A | **B** | C | D | (2) | V 12.2.1 |
| 1.1.11 | A | B | **C** | D | (1) | O 12.2.3 |
| 1.1.12 | A | B | C | **D** | (1) | O 12.2.4 |
| 1.1.13 | A | **B** | C | D | (1) | V 12.2.3 |
| 1.1.14 | **A** | B | C | D | (1) | O 12.2.5 |
| 1.1.15 | A | B | C | **D** | (1) | O 12.2.5 |
| 1.1.16 | A | B | **C** | D | (2) | V 12.2.5 |
| 1.1.17 | A | **B** | C | D | (3) | T 12.2.5 |
| 1.1.18 | **A** | B | C | D | (1) | O 12.4.3 |
| 1.1.19 | A | B | **C** | D | (1) | V 12.2.7 |
| 1.1.20 | A | B | C | **D** | (1) | O 12.2.7 |
| 1.1.21 | A | **B** | C | D | (1) | O 12.2.7 |
| | | | | | **28** | |

**VRAAG 1.2**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | **3** | O 12.2.1 |

**VRAAG 1.3**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | C | D | E | F | G | H | **4** | O 12.2.1 |

**VRAAG 1.4**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | A | B | C | D | E | F | G | (1) | V 12.2.4 |
| 1.4.2 | A | B | C | D | E | F | G | (1) | V 12.2.4 |
| 1.4.3 | A | B | C | D | E | F | G | (1) | V 12.2.4 |
| 1.4.4 | A | B | C | D | E | F | G | (1) | V 12.2.4 |
| 1.4.5 | A | B | C | D | E | F | G | (1) | V 12.2.4 |
| | | | | | | | | **5** | |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 2

2.1 **Logo's**

2.1.1 **Hartstigting**

1. Die logo dui aan dat 'n sekere **voedselproduk** deur die **hartstigting goedgekeur** is.✓
2. Die **voedsel** waarop die logo voorkom, kan deur 'n persoon met 'n **hartprobleem** geëet word.✓
3. Die logo waarborg dat die voedsel **nie nutriënte bevat** wat 'n **risiko is vir hartsiektes** nie. ✓
4. Voedsel met hierdie logo word deur gesondheidspraktisyns **aanbeveel** omdat dit **die risiko van hartsiektes verminder.** ✓

(Enige 3) (3)

2.1.2 **Halaal**

1. Die Halaal-teken dui aan dat **Moslems die voedsel mag eet**.✓
2. Dit waarborg dat die produkte voldoen aan die **Islamitiese Dieetriglyne**✓/Verseker dat die voedsel **nie saam met varkvleis berei of gaargemaak is nie**. ✓
3. Dit is deur die **Moslem se Regterlike Kommissie**✓aanvaar/ alle voorbereidings is gedoen na 'n **gebed aan God**. ✓

(Enige 3) (3)

**Verstaan 12.2.1**

2.2 **VIER maniere om sout-inname te beperk**

1. Voeg minder sout by tydens voorbereiding of aan tafel. ✓
2. Kies voedsel wat minder sout bevat. ✓
3. Vermy kitsmaaltye. ✓
4. Eet minder skyfies en gesoute neute. ✓
5. Vermy aftrekselblokkies, pakkies sop en souse met verborge sout. ✓

(Enige 4) (4)

**Onthou LU 12.2.1**

2.3 **VIER voedselkeuses vir 'n persoon wat aan MIV/Vigs ly en diarree en sere in die mond het**

1. **Sagte voedsel**✓ bv. fyngemaakte gekookte groente wat **maklik gekou en gesluk kan word**. ✓
2. **Groente ryk aan Vit A**, bv. pampoen, spinasie ✓wat goeie bronne van **anti-oksidante** is✓
3. Voedsel wat **nie baie speserye of sout** bevat nie✓ want dit **sal die mond brand**. ✓
4. Drink baie **vloeistowwe**✓om vloeistowwe wat **verlore gaan a.g.v. diarree** te vervang.✓
5. **Melk/joghurt**✓/**wortelroomsop** om **nuwe weefsels** te bou. ✓

(4 x 2 ) (8)

**Verstaan/Toepas LU 12.2.1**

2.4 **Dieetplanne**

2.4.1 **Beskryf die gesondheidstoestand *anemie***

1. 'n Toestand waar die bloed 'n **swakker suurstofdraende** kapasiteit✓ het as gevolg van **reduksie** ✓ van die totale sirkulering van **hemoglobien** ✓en/of **vermindering** in die hoeveelheid rooibloedselle.
2. Kan ook deur 'n yster**tekort** veroorsaak word. ✓
3. Ook veroorsaak deur 'n **tekort** aan **vitamien B12 en foliensuur**. ✓ (3)

**Onthou LU 12.2.1**

2.4.2 **Redes waarom vroulike jong volwassenes vatbaar is vir anemie**

1. Vrouens **menstrueer** ✓en **verloor so yster**. ✓
2. Vroulike jong volwassenes is kieskeurig as dit by kos kom en **vermy voedsel** ✓**ryk aan yster en vitamien C.** ✓
3. Hulle drink baie **koffie**✓ wat ysterabsorpsie in die liggaam **verminder**✓ (Enige 2) (2 x 2) (4)

**Verstaan LU 12.2.1**

2.4.3 **Dui aan en motiveer watter voedsel voordelig sal wees by die beheer van anemie.**

1. **Voedsel ryk aan vitamien B** ✓noodsaaklik vir die **absorpsie** van **yster** en die **vorming van bloedselle**✓: aartappels in die skil, volgraanhawermout, semels ✓
2. **Voedsel ryk aan vitamien C** ✓vir die **absorbsie van yster**✓ bv avokado, kiwivrug, tamaties, gebakte bone met tamatiesous, aartappels in die skil, gedroogde appelkose. ✓ (5)

**Verstaan LU 12.2.1**

2.5 **Verduidelik hoe die voorkoms van hartsiektes die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed**

1. Die volgehoue sittende leefstyl✓ lei tot 'n groei in die **gemorskosbedryf** en gee aanleiding tot meer voedselwinkels wat oopmaak en dus **meer werksgeleenthede**. ✓
2. Mense is baie **onaktief**✓, sit voor TV, eet baie gemorskos dus **gereelde besoeke aan dokter/kliniek en hospitale**, plaas 'n **las op die verbruikers se inkomste**. ✓
3. Baie gemorskos lei tot **hartsiektes**✓ wat die **premies wat aan mediese skemas betaal word, affekteer, die verbruiker betaal meer**. ✓
4. Die **toename in pasiënte wat aan hartsiektes ly**, het 'n negatiewe impak op die gesin se finansies✓ omdat **minder geld** verdien sal word as gesinslede **dikwels siekverlof** neem. ✓
5. **Meer medikasie moet beskikbaar wees**✓ in staatshospitale en klinieke wat die **land se reserwes dreineer**.✓
6. Gesinne spandeer meer op **mediese** uitgawes✓ dus bly **baie minder geld** oor vir **daaglikse uitgawes** (voedselsekuriteit bedreig) ✓ (5 x 2) (10)

**Evaluering LU 12.2.7**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

## VRAAG 3

3.1 **Noem en beskryf die VYF stadia van die modesiklus**

1. **Bekendstelling/vernuwing:** ✓ 'n nuwe **mode-item** verskyn op die mark – **slegs die rykes kan dit bekostig omdat dit duur is; modeleiers en bekendes dra dit**✓
2. **Toename:** ✓ mode-item/neiging verskyn in die media, word **populêr** ✓
3. **Hoogtepunt/versnelling:** ✓ mode-item **bereik hoogtepunt**;/baie populêr, raak **meer bekostigbaar**✓ vir die meeste verbruikers
4. **Afname:** ✓ die mark raak versadig, minder populêr, **pryse daal**✓
5. **Uit die mode/Verouderd:** ✓ **pryse drasties verlaag** omdat kleinhandelaars **ontslae wil raak van die voorraad**. Verbruikers stel nie belang nie, **soek na iets nuuts**. (5 x 2) (10)

**Onthou/Verstaan LU 12. 2 4**

3.2 **Noem DRIE tegnologiese faktore wat 'n invloed op mode-verandering het**

1. Elektroniese kommunikasie ✓
2. Tekstieltegnologie✓
3. Verbeterde vervaardigingsmetodes ✓
4. Beter verspreidingsmetodes ✓ (Enige 3) (3)

**Onthou LU 12.2.4**

3.3 **Thabo se uitrusting**

3.3.1 **Verander die uitrusting om by die informele sokkerpartytjie te pas**

1. Verander/verwyder die das ✓
2. Trek meer informele skoene aan ✓
3. Trek 'n meer informele baadjie aan/sportbaadjie of trui. ✓
4. Dra denim met pak se baadjie ✓ (Enige 3) (3)

**Toepassing LU 12.2.3**

3.3.2 **Invloed van handelsname op Thabo se keuse van klere**

1. Hy werk vir 'n k**orporatiewe maatskappy**, ✓ en sal 'n **suksesvolle beeld** wil projekteer. ✓
2. Hy sal handelsname koop om by vriende by partytjie **in te pas** ✓en sal ook hulle **helde se handelsname** wil dra**.** ✓ (4)

**Verstaan LU 12.2.4**

3.4 **Veelsydigheid van uitrusting vir werksomgewing**

1. **Meng-en-pas** maklik met ander kledingstukke ✓ die verskillende stukke kan **met ander kledingstukke gedra word**✓: die baadjie kan met 'n broek /romp in 'n ander kleur gedra word/ die serp en baadjie kan met 'n hemp/trui vervang word; die romp kan met 'n rok vervang word.
2. **Neutrale kleure** ✓ **pas by by baie ander kleure**✓
3. **Swart** is 'n **dienlike kleur**✓**deftig**✓/ **informeel**✓
4. **Goeie kwaliteit**✓– basiese **klassieke styl**✓– **sal lank in mode bly**✓

(Enige 6) (6)

**Toepassing LU 12.2.3**

3.5 **DRIE riglyne wat ontwerpers in gedagte moet hou as hulle klere vir fisies gestremde jong volwassenes vir die werkomgewing ontwerp**

1. Omdat daar **min style** op die mark is,✓oorweeg 'n styl wat **gemaklik** sal pas by die spesifieke gestremdheid. ✓
2. Skep ontwerpe wat die **draer sal help om maklik aan te trek.**✓
3. Ontwerpe moet **gemaklik** wees,✓ maar ook **modieus.** ✓
4. Oorweeg 'n **ekstragroot** reeks✓ omdat die groottes kan wissel afhangend van die gestremdheid. ✓ (3 x 2) (6)

**Onthou LU 12.2.7**

3.6 **Bespreek Gianni se opinie oor modekeuses betreffende die keuse van klere vir die werksomgewing.**

1. **Status/Posisie by die werk:** ✓ 'n persoon wil 'n **stelling maak** in terme van die posisie wat hy/sy beklee deur die klere wat hy/sy dra ✓/'n persoon sal klere kies wat **pas by die werk** wat hy/sy doen. ✓
2. **Beeld van die maatskappy:** ✓ 'n persoon trek aan om die **beeld van die maatskappy te projekteer**.
3. **Persoonlikheid:** ✓ 'n persoon se persoonlikheid het 'n invloed op die **kliënte** van die maatskappy. ✓ /'n Mens kies klere wat sy/haar **persoonlikheid weerspieël**/'n positiewe beeld uitdra. ✓
4. **Beskeidenheid en respek:** ✓ 'n persoon kies klere wat nie ander mense intimideer/aanstoot gee nie. ✓ (4 x 2) (8)

**Evaluering LU 12.2.3**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

### VRAAG 4

4.1 **VIER verantwoordelikhede van die munisipale dienste**

1. Verskaf water✓
2. Rioolverwydering✓
3. Afvalverwydering✓
4. Verskaf elektrisiteit en gas✓
5. Munisipale gesondheidsdienste✓
6. Munisipale paaie en stormwaterdreinering✓
7. Straatligte✓
8. Kapasiteit bou vir beter dienslewering
9. Beter dienslewering✓ (Enige 4) (4)

**Onthou LU 12.3.4**

4.2 **DRIE rolspelers in die proses van 'n verbandlening verkry**

1. **Verkoper** ✓– stel eiendomsagent in kennis van aanbod om te verkoop asook enige foute in die huis✓
2. **Koper** ✓– moet 'n goeie kredietrekord hê, vaste werk vir minstens twee jaar✓
3. **Eiendomsagent**✓ – moet bewus wees van al die soorte sekuriteit wat beskikbaar is vir die koper/huurder. ✓
4. **Oordragprokureur**✓ – 'n gekwalifiseerde eiendomsprokureur wat aangestel is om oordrag te behartig✓
5. **Verbandsprokureur**✓ – 'n gekwalifiseerde eiendomsprokureur wat die oordrag behartig asook toesien dat alle dokumente geteken word deur die koper en verkoper✓ (3 x 2) (6)

**Onthou/verstaan LU 12.2.5**

4.3 **Wie teken die aanbod om te koop**

1. Koper ✓en verkoper ✓ (2)

**Onthou LU 12.2.5**

4.4 4.4.1 **Waarom is inflasie 'n probleem vir verbruikers**

1. Baie verbruikers **verstaan nie wat inflasie is nie** (veral die in die lae-inkomste-groep). /Aanvanklik is mens nie bewus daarvan nie , maar mens **voel dit as jy meer betaal vir goedere**. ✓
2. Inflasie groei geleidelik en **vreet 'n mens se spaargeld op** as pryse duurder en duurder word. ✓
3. Inflasie kan die **waarde van 'n belegging wegvreet.** ✓

(Enige 2) (2)

**Verstaan LU 12.1.2**

4.4.2 **TWEE redes waarom huiseienaars hul beter kan beskerm teen inflasie as huurders**

1. Soos die **pryse van huise jaarliks styg**,✓ so **verhoog die waarde** van die eiendom**.** ✓
2. Alhoewel huiseienaars 'n **profyt maak** as hulle hul huis verkoop, is dit soms 'n illusie omdat mens **selde die nuwe huis kontant kan koop**, 'n mens is wel in 'n **beter posisie om 'n ander huis te koop as 'n persoon wat 'n huis huur.** (2 x 2) (4)

**Toepassing LU 12.1.2**

4.5 **Energiebesparende faktore om te oorweeg as onderstaande gekoop word:**

4.5.1 **Wasmasjiene**
1. Tweede grootste gebruiker van water. ✓
2. Nuutste modelle doeltreffender as die ouer modelle.✓
3. Die voorlaaier is doeltreffender en die werkverrigting is beter. ✓
4. Modelle wat koue water gebruik, is meer koste-effektief. ✓ (4)

4.5.2 **Koelkaste**
1. Kyk uit vir 'n model wat min energie gebruik. ✓
2. Koelkaste gebruik meer energie as enige ander kombuistoestel. ✓
3. Die bo-en-onder-vrieskasmodelle kos minder en is oor die algemeen betroubaarder en energie doeltreffend as die sy-aan-sy-modelle. ✓
4. Kleiner modelle bespaar energie. ✓
5. Koelkaste met ysmakers en water-voorraaddispendeerders gebruik meer energie. ✓ (Enige 4) (4)

4.5.3 **Tuimeldroërs**
1. Dring aan op 'n tuimeldroër met 'n **vogsensor**✓ omdat dit **energie bespaar** deurdat dit die **masjien afskakel sodra die wasgoed droog is**✓
2. Kies 'n **gasmodel** indien moontlik omdat hulle **goedkoper** is om te bedryf en 'n **kleiner impak op die omgewing** het.✓
3. Gasmodelle **kos meer** as die elektriese modelle, maar 'n mens **bespaar** want gas is goedkoper as elektrisiteit.✓ (4)

**Verstaan LU 12.2.6**

4.6 **Stel VYF huishoudelike praktyke voor om koolstofvrystelling te beperk en 'n gesonde omgewing te handhaaf**

Pas die beginsels van **verminder, hergebruik en herwin** in die huis toe✓

1. Koop **organiese** produkte om besoedeling te vermy. ✓
2. **Tel alle herwinbare items**✓ op en verminder dus **gasvrylatings** van die grond✓.
3. **Herstel foutiewe toestelle** omdat hulle meer elektrisiteit gebruik. ✓
4. Lees die **handleiding** ✓sodat korrekte gebruik energie en die **natuurlike hulpbronne sal bespaar**.✓
5. **Gebruik toestelle wat sonenergie gebruik**✓ om **elektrisiteit te bespaar** ✓
6. **Skakel kragproppe af** wanneer nie in gebruik is nie✓omdat toestelle nog **krag gebruik** al is hulle afgeskakel. ✓
7. **Hang wasgoed op die wasgoedlyn in plaas daarvan om dit in die tuimeldroër droog te maak**✓sodoende **bespaar** jy elektrisiteit. ✓
8. **Koolstofvrylatings** as gevolg van die vervaardiging en vervoer van baba formules/melk word verminder as **babas geborsvoed** word. ✓
9. Gebruik **energie-besparende gloeilampe** wanneer stukkende gloeilampe vervang word. ✓
10. Koop produkte in **herbruikbare houers** ✓– hierdie plastiekbottels, binneste deel van toiletrol kan vir leerders se skooltake hergebruik word✓
11. Installeer 'n **termostaat**✓op die geiser om **energieverbruik te verminder**. ✓
12. Gebruik **energiedoeltreffende toestelle**✓ om energieverbruik te **verminder**. ✓ (Enige 5 x 2) (10)

**Evaluering LU 12. 2. 7**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL, KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT

### VRAAG 5

5.1 **Hoe sal jy verseker dat jou produk se verpakking maksimum trefkrag het?**

1. Die inligting wat vereis word, moet op die etiket verskyn. ✓
2. 'n Etiket wat die inhoud en 'n afbeelding duidelik aandui✓sal help om belangstelling vir die produk te wek.✓
3. Die verpakking moet funksioneel wees.✓
4. Dit moet spesifiek vir die teikenmark ontwerp wees✓
5. Om belangstelling te wek✓moet die verpakking mense se aandag trek/oog vang. ✓
6. Die verpakking moet toepaslik wees ✓en maklik om te identifiseer. ✓
7. Dit moet gebruikersvriendelik wees ✓– bv. deksels moet maklik oopmaak✓ (8)

**Onthou LU 12.4.1**

5.2 5.2.1 **VOEDSELPRODUKSIE**
**Belangrikheid van toepaslike pakplek tydens die produksie en bemarking van VOEDSELPRODUKTE.**

1. Stoor alle produkte by **korrekte temperature**✓om te verseker dat die produkte **nie bederf nie.** ✓
2. Stoor produkte in 'n **skoon** area✓ om **besmetting en bederf** te voorkom. ✓
3. **Besmette voedsel** sal die kwaliteit van die produk beïnvloed✓ en kan ook **ernstige siektes** veroorsaak. ✓
4. Stoor **sterkgegeurde voedsel** apart ✓om te voorkom dat ander voedsel die **geure opneem.**✓ (4)

**Onthou LU 12.4.2**

5.2.2 **VIER maniere om vermorsing van bederfbare voedsel by verkooppunt te voorkom**

1. Sorg vir **behoorlike stoorfasiliteite** bv 'n koelkas✓
2. Stel daagliks vas of **koelkaste goed funksioneer**✓
3. Koop **net genoeg voorraad** sodat dit nie te lank op die rak bly nie.✓
4. 'n **Omheinde area** ✓sal die hoeveelheid **stof, wind ens. verminder**.✓ (4)

**Onthou LU 12.4.2**

**OF**

5.3 5.3.1 **KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENTPRODUKTE**
**Belangrikheid van pakplek tydens die produksie en bemarking:**

1. **Korrekte opberging**✓ om **skade** aan produkte te verhoed. ✓
2. Stoor in 'n **droë plek**✓ om te verhoed dat materiaal **muf**. ✓
3. Stoor weg van **sonlig en stof** ✓want dit kan **kleurveranderinge** meebring✓ (2 x 2) (4)

**Onthou LU 12.4.2**

5.3.2 **VIER maniere om vermorsing te voorkom tydens produksie**

1. Koop **goeie kwaliteit materiale –** toets die **sterkte en duursaamheid** voordat jy dit koop. ✓
2. Toets die **kwaliteit van die konstruksiemetodes** tydens elke stadium van die produksieproses. ✓
3. **Bepaal of tekstielafwerkings** op die materiaal aangebring is. ✓
4. **Toets die detail** van die kledingstuk/artikel bv. is knope identies✓
5. Maak seker dat die **uitlê en uitknip** perfek is. ✓ (4)

**Onthou LU 12.4.2**

5.4 **Wat moet in gedagte gehou word tydens die beplanning van 'n advertensie om produkte te bemark?**

1. Hou dit kort en kragtig✓
2. Wees spesifiek en gee 'n akkurate beskrywing✓
3. Beplan die uitleg deeglik. ✓
4. Plaas fokuspunte waar dit die beste kenmerke van die produk sal beklemtoon. ✓
5. Gebruik 'n maklik leesbare skrif. ✓
6. Die boodskap moet maklik verstaanbaar wees en dit moet opreg/leersaam/klantgerig wees. ✓ (5)

**Onthou LU 12.4.1**

5.5 **Bespreek die behoorlike hantering en beheer van voorraad in 'n klein onderneming**

1. Toerusting moet gereeld nagegaan en gediens word.✓
2. Volg die vervaardiger se instruksies om te verseker dat die toestel goed werk ✓.
3. Hou onderdele byderhand sodat klein probleempies vinnig uitgesorteer kan word. ✓
4. Kaste moet skoon en netjies gehou word om muf en roes te verhoed. ✓
5. Teken alle voorraad in die voorraadbeheer-boek aan. ✓
6. Tel gereeld die voorraad om vas te stel wat gebreek of weg is. ✓

(Enige 5) (5)

**Verstaan LU 12.4.1**

5.6 **Verduidelik waarom 'n voorbeeld of prototype 'n uitstekende bemarkingsinstrument vir die besigheid kan wees.**

1. 'n Voorbeeld/prototipe sal vir die klant wys presies hoe die **finale produk sal lyk.** ✓
2. Die voorbeeld/prototipe sal die kwaliteit van die **produk** ten toon stel. ✓
3. As die klante eers die produk gesien het, kan **groot bestellings** geplaas word. ✓/**Visuele tentoonstellings kan bestellings bevorder.** (2)

**Toepassing LU 12.4.1**

5.7 **Bespreek hoe die volgende doeltreffendheid tydens die produksieproses kan beïnvloed.**

5.7.1 **Marknavorsing**

1. Dit help om die **spesifieke marksegment** wat die produsent wil lok, te identifiseer. ✓
2. Dit bou 'n **unieke identiteit** vir die produk. ✓
3. Dit bepaal die **strategie**✓ vir die **maak,** ✓ **bemarking** en **reklame van die produk**. ✓
4. Dit maak dit makliker om die **produksiespesifikasies**✓ en **verpakking** te beplan✓ bv as die teikenmark klein kindertjies is, sal ander verpakkingsmateriaal gebruik word as wat vir bejaarde mense gebruik word. ✓
5. Dit help om te bepaal **hoeveel produkte** gemaak moet word. ✓ (8)

**Evaluering LO 12.4.1**

5.7.2 **Finansiële lewensvatbaarheidstudie**

1. Help om die **beginkostes** te bepaal✓
2. Help om die **produksiekostes** te bepaal✓
3. Help om die **verkoopprys** te bepaal✓
4. Help om 'n basiese **kontantvloei-projeksie** te doen✓ (4)

**Evaluering LU 12.4.1**

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 200**